

MAMBA Dop Seep


MAMBA seep – Maak doppe chemies skoon:

MAMBA seep verwyder beide oksidasie asook koolstof neerslae. Gebruik **MAMBA** seep om die doppe per hand in 'n plastiek houer skoon te maak. Meng 1 deel **MAMBA** met 4 dele water, dit is 20% **MAMBA** met 80% water. Week die doppe in hierdie mengsel vir 20 tot 30 minute. Vryf die vuil aan die buitekant met jou vingers af en borsel die doppe binne skoon.

Geelkoper van doppe is 'n mengsel van 70% Rooikoper en 30% Sink. Wanneer die oksidasie neerslae verwyder word, onbloom dit dikwels die koper neerslae wat dan Rooi vertoon. Dit is nie 'n probleem nie, behalwe wanneer daar waarneembare pit merke op die dop oppervlak sigbaar is. Dit word nie aangeraai om die doppe te gebruik wat duidelike pit merke of ander defekte het nie.

Laat staan die gebruikte **MAMBA** seep tot die vuil afsak. Dit kan dan versigtig in 'n ander houer oorgegooi word tot net voor die vuil afsaksels uitloop. Die vuil seep kan ook filtreer word. Sodoende kan een mengsel vir minstens 200 doppe gebruik word, en waarskynlik meer.

Oksidasie vorm 'n lagie wat verdere aanslag of oksidasie beperk. Daarom sal 'n skoon dop gou-gou weer aanslaan. Die kraanwater wat ons gebruik bevat minerale en chemikalieë soos Chloor, Fluoried, Yster ensovoorts. Oksidasie weens hierdie minerale laat vlekke op die doppe na 'n tydjie. Dit is nie skadelik nie. Die enigste manier om die vlekke te verwyder indien dit pla, is om die doppe met 'n geskikte produk te poleer. Moet glad nie produkte wat ammoniak bevat gebruik om te poleer nie. Dit kan die doppe bros maak. Deur gedistilleerde water te gebruik kan u hierdie vlekke beperk.



***DREINEER ALLE MAMBA UIT ULTRASONIESE APPARAAT
DIREK NA GEBRUIK, SPOEL BAK DEEGLIK UIT & DROOG.***